higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

REGSPRAKTYK N5

(13030115)

27 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye en twee addenda van 4 bladsye.

086Q1J2127

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REGSPRAKTYK N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige VYF vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
6. Alle antwoorde moet in volsinne wees, tensy anders aangedui.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 'n Regstelsel is die grondslag van 'n ongeordende samelewing.

1.1.2 Die griffier doen die administratiewe werk in die kantoor van die Hoë Hof.

1.1.3 Regsassistente het die bevoegdheid om 'n beskuldigde voor 'n geregshof te verteenwoordig.

1.1.4 Die griffier van die hoë hof dien as die belastingmeester van 'n advokaat se rekeninge.

1.1.5 Praktiserende prokureurs behoort op eie diskresie tot die Prokureursorde.

1.1.6 Internasionale reg word in 'n spesifieke land afgedwing.

1.1.7 Volmag en 'n beëdigde verklaring is wesenlik dieselfde dokument wat in verskillende afdelings van die prokureur se kantoor gebruik word.

1.1.8 Verstekvonnis word ten gunste van die verweerder gegee.

1.1.9 'n Kort dagvaarding word vir 'n gelikwideerde eis uitgereik.

1.1.10 'n Persoon kan vir langtermyn- onbetaalde skulde tronkstraf opgelê word.

1.1.11 Revokasie van 'n testament beteken alle vorige testamente is beëindig of gekanselleer.

1.1.12 'n Getuie tot 'n testament moet 18 jaar of ouer wees.

1.1.13 'n Eksekuteur is 'n persoon wat 'n testament opstel.

1.1.14 Aangenome kinders het 'n wetlike reg om van hul biologiese ouers te erf.

1.1.15 Kollaterale is persone wat aan die oorledene verwant is deur middel van minstens een gemeenskaplike voorouer, soos broers en susters.

(15 × 2) (30)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Reg van ’n hof om ’n bepaalde saak aan te hoor	A	summiere vonnis
1.2.2	Hoogste hof in Suid-Afrika	B	kommissaris
1.2.3	Mondelinge getuienis in die geregshof	C	jurisdiksie
1.2.4	Voorsittende beampte in die hof vir klein eise	D	kodisil
1.2.5	Voorgeskrewe tydlimiet waarbinne kennis van voorneme om te verdedig gegee word	E	likied
1.2.6	Strafregtelike handeling om die regering van die staat waaraan die oortreder trou verskuldig is, omver te gooi	F	Konstitusionele
1.2.7	Hofbeslissing ten gunste van die eiser sonder ’n verhoor	G	ooreenkoms
1.2.8	Verklaring wat onder eed afgelê word waarin die persoon verklaar dat alles die waarheid is	H	beëdigde verklaring
1.2.9	Hofdokument wat in die hoë hof gebruik word om vir dringende tussentydse verligting voorsiening te maak	I	viva voce
1.2.10	Presiese bedrag skuld wat skriftelik erken word	J	dies induciae
		K	Reël 43-toepassing
		L	illikied
		M	hoogverraad

(10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige VYF vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Prokureurs en advokate in Suid-Afrika word kragtens die Wet op Regspraktyk 28 van 2014 by die Regspraktykraad geregistreer. Sedert 1998 verteenwoordig die Prokureursorde van Suid-Afrika (LSSA) die prokureursberoep. Die LSSA verenig die Vereniging van Swart Prokureurs, die Nasionale Vereniging van Demokratiese Prokureurs en provinsiale prokureursverenigings om die prokureursberoep in Suid-Afrika te verteenwoordig. LSSA het verskeie funksies.

2.1.1 Die prokureursfirma waar jy in diens is, publiseer 'n kwartaallikse verslag oor algemene sake wat sy kliënte asook die algemene publiek en regstudente leersaam en interessant sal vind.

Die senior vennoot by jou firma het jou gevra om 'n kort artikel vir die volgende publikasie te skryf. Jou opdrag is om SES funksies van die LSSA te beklemtoon. Geen bespreking is nodig nie, aangesien lesers versoek sal word om veel voorkomende vrae in die VVV-afdeling in die publikasie te stel nadat die artikel gepubliseer is. (6 × 2) (12)

2.1.2 Indien die LSSA prokureurs verteenwoordig, watter professionele liggaam sien om na die belange van advokate? (2)

2.1.3 Verduidelik die volgende stelling:

Die LSSA is 'n waghond oor prokureurs se aktiwiteite. (2)

2.1.4 In die inleidende paragraaf word genoem dat die LSSA na die belange van sowel sy lede (prokureurs) as die algemene publiek omsien.

Hoe dink jy is dit moontlik vir die LSSA om na die belange van sowel prokureurs as kliënte (die publiek) om te sien? Is dit nie teenstrydig nie? Staaf jou standpunt. (4)

Kopiereg voorbehou

2.2 Jou dosent besluit om ’n uitstappie vir die klas te reël. Die klas besoek die hoë hof in die stad in die provinsie waar jy studeer. Veral van belang is ’n besoek aan die Meesterskantoor. Elke student moet ’n vraelys voltooi. Die idee is dat elke student soveel inligting moontlik oor elk van die Meester se pligte en funksies moet insamel. Ná die besoek moet studente die vraelys voltooi en inlewer. Jou vraelys fokus op een van die drie belangrikste funksies van die Meester van die Hoë Hof, naamlik die gespesialiseerde funksies. Aanvaar dat jou besoek afgehandel is en dat jy besig is om jou vraelys te voltooi.

Gee VYF gespesialiseerde funksies van die Meester van die Hoë Hof en verduidelik elkeen kortliks. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 3

3.1

Susan Matthews en haar eggenoot, Johnny, het ’n kind wat baie siek is. Hul kind het ’n ernstige vorm van epilepsie wat veroorsaak dat hy ophou asem haal. Susan en Johnny is onlangs van ’n misdryf aangekla omdat ’n buurman albei ouers by die polisie aangegee het vir die gebruik van marijuana ('dagga') as ’n geneesmiddel vir die kind se epilepsie. Susan en Johnny voer aan dat hulle nie ’n misdryf gepleeg het nie omdat hulle in ’n landelike gedeelte van die Karoo woon en die gebruik van marijuana as medisyne in hul gemeenskap aanvaarbaar is. Volgens albei ouers is dit wettig.

3.1.1 Gestel jy werk vir Regshulp (‘Legal Aid’) in Beaufort-Wes (die dorp waar die Matthews-gesin woon).

Lig albei ouers in of hul verweer, naamlik dat die gebruik van marijuana wettig is, op gebruik of gewoonte neerkom en derhalwe aanvaarbaar is, deur VIER maniere toe te pas waarop hul aanspraak getoets kan word. (4 × 2) (8)

3.1.2 Is gebruik of gewoonte steeds ’n belangrike regsbron in Suid-Afrika? Antwoord slegs ‘Ja’ of ‘Nee’.

WENK: Oorweeg howe steeds gebruike wanneer hulle uitspraak lewer? (2)

3.2 Raadpleeg ADDENDUM A (aangeheg) en beantwoord die volgende vrae:

3.2.1 Identifiseer die dokument. (1)

3.2.2 Waarom is taalvaardigheid 'n belangrike vereiste vir enige persoon wat hierdie werk doen? (2)

3.2.3 Verduidelik die belangrikheid van die insluiting van punt 9 op die dokument. (2)

3.2.4 Verduidelik kortliks punt 12 op die dokument. (2)

3.2.5 Indien jy aansoek wil doen om 'n werk gedurende die volgende kollegevakansie en gesertifiseerde afskrifte van jou ID en hoogste akademiese kwalifikasies moet voorlê, kan die kampushoof by jou kampus jou dokumente as ware afskrifte van die oorspronklike dokumente sertifiseer? Skryf 'Ja' of 'Nee' en gee 'n rede vir die antwoord. (3)

3.3

INSTANDHOUDING VAN TRUSTREKENINGE

Die Prokureursorde verwag van prokureurs om hul trustrekeninge in stand te hou. As 'n prokureur is dit jou plig om te verseker dat kliënte se trustfondse veilig is. Die doel van 'n trustrekening is om kliënte se fondse te beskerm en te beveilig. Om die veiligheid van trustfondse te verseker, moet jy trustfondse van die onderneming se fondse skei. 'n Prokureur se trustrekening is in wese 'n onderneming se tjekrekening of die ekwivalent daarvan, wat deur die maatskappy daargestel word om kliënte se fondse te hou. Geld wat in 'n trustrekening gedeponeer word, is nóg jou eiendom nóg die eiendom van die maatskappy.

1. Hou trustfondse apart van maatskappyfondse. Reël 54.8 van die Wet op Regspraktyk (WRP) bepaal dat trusttransaksies apart van maatskappytransaksies gehou moet word.

2. Hou individuele trustrekeninge by sodat een kliënt se gelde nie met iemand anders s'n deurmekaar raak nie.

3. Trustfondse mag nie gebruik word totdat die firma dit verdien het nie.

4. Wat is die reëls vir gelde wat vooruit verdien word? As jy onseker is, deponeer fondse in die trustrekening. Gelde kan slegs van die trustrekening na die sakerekening oorgeplaas word nadat die werk voltooi en 'n tarief gedebiteer is.

5. Trustgeld mag onder geen omstandighede in 'n onderneming se bankrekening gedeponeer of gekrediteer word nie. Buiten trustgeld, sal enige geld wat op enige tydstip in 'n trustbankrekening aangetref word, sonder enige verwyl na 'n onderneming se bankrekening oorgeplaas word. 'n Maatskappy word geag hierdie reël voldoende na te kom indien hy minstens een keer per maand oorplasings uit sy trustbankrekening na sy onderneming se bankrekening maak; en verseker dat, wanneer 'n oorplasing van sy trustbankrekening na sy onderneming se bankrekening gedoen word, die bedrag wat oorgedra word identifiseerbaar is met die bedrag aan die maatskappy betaalbaar en dit nie oorskry nie.

[Aangepas uit: *Quantim Legal Accounts*, 28 Januarie 2019]

Kopiereg voorbehou

3.3.1 Indien 'n trustrekening deur 'n prokureur en/of prokureursfirma gebruik word om kliënte se geld te beveilig en te beskerm, waarom bedryf 'n prokureur ook 'n sakerekening? (2)

3.3.2 Verduidelik kortliks die tipe geld of fondse wat tipies in 'n trustrekening aangetref word. (2)

3.3.3 Verduidelik die betekenis van die volgende sin in punt 3 van die artikel:

'Trustfondse mag nie gebruik word totdat die firma dit verdien het nie.' (2)

3.3.4 Oorweeg die situasie waar 'n prokureur 'n diens aan 'n kliënt gelewer het. Die kliënt ontvang 'n faktuur vir die diens gelewer en betaal die prokureurskantoor die faktuurbedrag in kontant.

Sal dit verkeerd van die prokureur wees om daardie geld in sy sakerekening te deponeer, en nie in die trustrekening nie, as dit duidelik was dat die geld nie tariewe was wat vooruit verdien is nie? Formuleer jou reaksie op hierdie dilemma deur na punt 4 in die artikel te verwys.

(2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 4

4.1 Howe vir klein eise het jurisdiksie om enige siviele saak aan te hoor wat 'n beperkte bedrag behels wat in die *Staatskoerant* gepubliseer word. Hierdie howe word gebruik om geringe siviele geskille en eise tussen partye, sonder verteenwoordiging, op 'n informele manier te besleg. As jy voornemens is om 'n eis in die hof vir klein eise (HKE) in te stel, moet jy seker maak dat die teenparty jou kan vergoed indien die uitspraak in jou guns is. Dit is nutteloos om 'n eis teen 'n ander persoon in te stel wat werkloos is en geen eiendom besit nie.

4.1.1 Hier onder is 'n afskrif van jou klasaantekeninge oor die ses stappe wat gevolg moet word wanneer iemand die hof vir klein eise nader. Jy het ongelukkig jou aantekeninge aan 'n klasmaat geleen om vir die eksamen te studeer, maar toe hy dit terugbesorg, het jy dadelik opgelet dat dit deurmekaar is. Jou vriend vra om verskoning en sê dat hy 'n koppie koffie oor die aantekeninge uitgestort het terwyl hy studeer het. Jy het nog vier ure oor voordat jy die eksamen om 13:00 skryf en moet nog 'n afdeling van module 3 oor litigasie en skuldinvordering leer.

Kyk na die beskadigde aantekeninge (hier onder) en probeer red wat te redde is om die aantekeninge te orden.

Ses stappe om van 'n ander persoon in die HKE te eis

Stap 1: Maak met die ander party kontak.

Maak met die teenparty kontak (die persoon teen wie jy 'n regsproses aanhangig maak) – persoonlik, skriftelik of telefonies – en versoek hulle om jou eis te vereffen.

Stap 2: Skryf 'n betalingsaanmaning

Indien die teenparty nie aan jou eis voldoen nie, stuur 'n skriftelike aanmaning wat die feite uiteensit waarop die eis berus en die bedrag aandui wat jy verlang. Lewer die skriftelike aanmaning per hand of geregistreerde pos by die teenparty af. Gee die teenparty 14 dae vanaf die tyd wat hulle jou brief ontvang om jou eis te vereffen.

Stap 3: Gaan na die klerk van die hof.

Meld ná 14 dae met die volgende dokumente by die klerk van die hof aan:

- Bewys dat die skriftelike eis afgelewer is, soos 'n Poskantoorstrokie.
- Enige kontrak, dokument of enige bewys waarop jou eis gegrond is of wat daarmee verband hou.
- Die volle naam en adres (huis- en sakeadres, indien beskikbaar) en telefoonnommer van die teenparty.

Kopiereg voorbehou

Stap 4:	’n Dagvaarding word aan die teenparty gestuur. Die klerk van die hof sal jou dokumente bestudeer en jou help om die dagvaarding op te stel. Die klerk van die hof sal die dagvaarding uitreik en aan jou oorhandig om aan die teenparty of die balju van die hof te oorhandig. Die klerk van die hof sal jou ook inlig oor die datum en tyd wat die saak in die hof aangehoor sal word.
Stap 5:	Die verhoor • Jy moet persoonlik in die hof verskyn. • Verseker dat jy al die tersaaklike dokumente waarop jou eis gegrond is in jou besit het. • Maak seker dat jy die skriftelike bewys het dat die dagvaarding aan die teenparty beteken is. • Die kommissaris van die hof sal jou versoek om jou saak te stel. • Stel die feite so bondig moontlik.
Stap 6:	Nadat uitspraak gelewer is Indien die uitspraak in jou guns is, moet die persoon die geld onmiddellik betaal en ’n kwitansie sal aan hom/haar uitgereik word.

Noem en voltooi die SES stappe wat gevolg moet word wanneer jy ’n ander persoon na die hof vir klein eise neem en verduidelik elkeen kortliks. (6 × 2) (12)

4.1.2 Die inleidende paragraaf van hierdie vraag voer aan dat die HKE enige siviele saak kan aanhoor wat ’n beperkte bedrag behels wat in die *Staatskoerant* gepubliseer is.

Wat is die korrekte bedrag? Gee die antwoord in rand. (1)

4.1.3 Die artikel noem dat die persoon wat die eiser se saak aanhoor as die kommissaris bekend staan.

Watter ander professionele rol vervul die kommissaris wanneer hy/sy nie sake in die hof vir klein eise aanhoor nie? (2)

4.1.4 Verduidelik die betekenis van die woorde ‘sonder verteenwoordiging’ in die tweede sin (reël drie) van die inleiding tot VRAAG 4.1. (2)

4.1.5 Indien die eiser nie tevrede met die kommissaris se uitspraak is nie, is dit moontlik, soos in ander hofsake, om teen die uitspraak (uitslag van die saak) te appelleer? Skryf slegs ‘Ja’ of ‘Nee’ en gee ’n rede vir die antwoord. (3)

4.2 Gee VYF afdelings in ’n prokureurspraktyk. (5 × 2) (10)

[30]

VRAAG 5

5.1 Lede van die publiek kan klagtes teen enige professionele regspersoon aanhangig maak via ’n regsblitslyn genaamd die 'Trustline-' inisiatief wat deur die Prokureursorde van Suid-Afrika (LSSA) en die Attorneys Fidelity Fund bedryf word. Die publiek kan klagtes by 0800 202 036 of trustline@tip-off.com aanhangig maak.

Noem VIER tipes onetiese gedrag van prokureurs of klagtes wat deur lede van die publiek aanhangig gemaak word wat gratis deur die Prokureursorde van Suid-Afrika ondersoek word. (4)

5.2 Gee SEWE formaliteite wat in die Wet op Testamente en die gemenereg gestipuleer word waaraan die testateur moet voldoen om ’n regsgeldige testament tot stand te bring. (14)

5.3 ’n Ooreenkoms of die voorneme of bereidwilligheid van twee of meer partye om minstens een party tot verskeie bepalings en voorwaardes te verbind, word gekenmerk deur wedersydse onderhandeling. Sodanige onderhandeling word normaalweg in die vorm van ’n kontrak geformaliseer en deur die betrokke partye onderteken.

Bykomende inligting:

- Jou suster, Mary Philander (huurder), wil ’n woonstel by jou buurman, Thabo Baloyi (verhuurder), huur.
- Huurder se adres: Troystraat 12, Mitchell’s Plain, Kaapstad, 7785
- Verhuurder se adres: The Iron Works 518, Hoofweg, Woodstock, Kaapstad, 7925
- *Domicilium citandi et executandi* van huureiendom: Blue Water Bay 307, Kusweg, Seepunt, Kaapstad, 8001
- Maandelikse huurgeld is R17 000
- Hierdie ooreenkoms word onderteken te _____ op die ___ dag van _____ 2020.
- Handtekeninge van huurder en verhuurder moet in die toepaslike plekke verskyn.

Gebruik die inligting wat gegee word en stel ’n basiese huurooreenkoms of -kontrak op deur die drie komponente uiteen te sit wat die struktuur van enige ooreenkoms uitmaak. Doen die volgende onder elke komponent, wat jy as ’n opskrif sal gebruik, om struktuur aan die ooreenkoms te gee: onderstreep elkeen, en organiseer die gegewe inligting deur dit onder die ooreenstemmende opskrif te skryf. (12)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 ADDENDUM B (aangeheg) is ’n basiese, vinnige aanlyn aansoekvorm wat gebruik word om aansoek te doen om ’n dranklisensie in die geografiese gebied waar die aansoeker woon.

Aanvaar jy werk vir ’n prokureursfirma. Jy hanteer daagliks baie korrespondensie, insluitend e-posboodskappe wat navrae van die publiek insluit wat aanlyn aanmeld en die firma via die Internet kontak om meer inligting of helderheid te kry oor sake wat hulle nie verstaan nie.

Een sodanige navraag is van ’n voornemende kliënt, mnr Fabian, wat die aansoekvorm voltooi het. Hy het ook ’n e-posboodskap gestuur waarin hy onder meer wil weet of sy aansoek suksesvol sal wees as hy die prokureur se firma opdrag gee om aansoek te doen om ’n dranklisensie vir sy dogter se troue in Desember.

Aangesien jy voorheen al soortgelyke vrae hanteer het, stel jy onmiddellik ’n e-pos op en stuur dit vir mnr Fabian, waarin jy verduidelik wat die basiese vereistes is waaraan enige aansoeker om ’n dranklisensie moet voldoen om deur die Dranklisensieraad vir die toestaan van ’n lisensie oorweeg te word.

Ontwerp ’n basiese kontrolelys van SEWE items wat mnr Fabian kan gebruik om vas te stel of hy aan al die vereistes voldoen om vir ’n dranklisensie oorweeg te word. Gebruik die onderstaande templaat vir die kontrolelys wat jy wil skep.

Bewyse om saam met aansoek voor te lê	**Ja**	**Nee**

(7 × 2) (14)

6.2 Waarvoor staan die akroniem *KVBA*? (2)

6.3

Jy werk as ’n regsekretaresse in ’n prokureursfirma. Die firma bestaan uit ses vennote, twee boekhouers, ’n persoonlike assistent vir die senior vennoot, mnr Jackson, en ’n ontvangsklerk asook twee regsekretaresses waarvan jy een is.

Verlede Maandag het mnr Jackson jou na sy kantoor ontbied. Hy het genoem dat die firma vir baie jare gelukkig was om die uitstekende dienste van die ontvangsklerk te gebruik, maar dat sy bedank het. Sy het vir mnr Jackson ingelig dat sy haar eersteling verwag en vier maande lank kraamverlof sal neem. Haar kundigheid in die ontvangs van kliënte en die hantering van die skakelbord (ontvangs van baie telefoonoproepe daagliks) laat ’n groot leemte in die regsfirma. Mnr Jackson lig jou ook in dat die firma daarin geslaag het om ’n onderhoud te voer met en die dienste te bekom van ’n dame wat so pas haar Nasionale Bestuursassistentdiploma verwerf het. Sy sal oor ’n week by die firma aansluit. In hierdie verband wil mnr Jackson jou ervaring as ’n regsekretaresse op die proef stel en vra dat jy die nuwe ontvangsklerk mentor. Dit beteken dat jy die nuwe werknemer vinnig touwys moet maak rakende die belangrikheid en tegnieke van goeie telefoonetiket, aangesien ’n groot deel van haar pos daaruit sal bestaan om oproepe te ontvang en deur te skakel na die hele firma van twaalf personeellede.

Toe jy mnr Jackson se kantoor verlaat, kry jy ’n briljante idee. Ten einde nie die nuwe ontvangsklerk aanstoot te gee deur haar in te lig hoe om die telefoon professioneel te beantwoord nie, sal jy nadink oor die onderwerp van basiese telefoonetiket en enkele basiese, maar belangrike, reëls van beste praktyk vir goeie telefoonmaniere tik. Jy sal hierdie lys druk, lamineer en in die laai van haar lessenaar in die ontvangsarea laat waar sy die meeste van haar tyd by die werk sal deurbring.

Gee SEWE reëls van goeie praktyk vir behoorlike telefoonetiket en telefoonmaniere in die kantoor. (7 × 2) (14)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

7.1 Gordon Glover, ’n prokureur, het ’n nuwe regsfirma in jou omgewing gevestig. Jy word aangestel om in sy kantoor te werk. Aangesien dit ’n klein regsfirma is (bestaande uit slegs vier werknemers en mnr Glover), is dit een van jou baie verantwoordelikhede as regsekretaresse om ontvangsbewyse aan kliënte uit te reik wanneer ook al geld van hulle ontvang word.

Bestudeer die voorbeeld hier onder van ’n ontvangsbewys wat mnr Glover se firma aan kliënte uitreik en beantwoord die vrae.

Glover & Assosiate
Prokureurs, aktebesorgers en notarisse

TRUSTREKENING-ONTVANGSBEWYS

Ontvangsbewys no.

Datum: Datum ontvang (indien verskillend):

Ontvang van:

……

Die bedrag van ..... rand en ..... sent

Tjek/Kontant/Direkte deposito/EFO (dui aan deur middel van ’n X oor betalingsmetode)

Vir en namens:

……

Saakverwysing	Rekeningnaam	Saakbeskrywing
……	……	……

Rede:

……

Ontvangsbewys uitgereik deur:

Namens Glover & Assosiate

…… ……
Gemagtigde handtekening Gemagtigde handtekening

7.1.1 Verduidelik kortliks die term *trustrekening-ontvangsbewys.*

7.1.2 Wat is die verskil tussen ‘datum’ en ‘datum ontvang’ op hierdie dokument?

7.1.3 Waarom is dit belangrik om die metode waarop betaling ontvang word op hierdie dokument aan te dui?

7.1.4 Verduidelik wat die gedeelte ‘Vir en namens’ op hierdie ontvangsbewys beteken.

7.1.5 Waarom is dit belangrik om die rede vir betaling op die ontvangsbewys aan te dui?

7.1.6 Waarom is dit belangrik om die naam van die persoon te gee wat die ontvangsbewys uitgereik het?

7.1.7 Sommige ontvangsbewyse maak voorsiening vir twee gemagtigde handtekeninge.

Wat is die rede hiervoor?

7.1.8 Sal mnr Glover se regsfirma ook ’n tweede kwitansieboek vir die firma se sakerekening byhou? Skryf ‘Ja’ of ‘Nee’ en gee ’n rede vir die antwoord.

(8 × 2) (16)

7.2 Dui aan of elk van die volgende drie persone of instellings as die eksekuteur van ’n bestorwe boedel aangestel kan word deur slegs ‘Ja’ of ‘Nee’ langs die vraagnommer (7.2.1–7.2.3) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf en gee ’n rede vir elke antwoord.

7.2.1 Die persoon wat as eksekuteur aangestel is, woon in die buiteland en die Meester sal nou in hierdie persoon se afwesigheid as eksekuteur optree.

7.2.2 ’n Familielid van die oorledene is tien jaar gelede voor die afsterwe van die oorledene aangestel. Sedertdien is die familielid geestelik versteurd verklaar en word deur ’n kurator bygestaan wat alle regsake namens die geestelik versteurde persoon hanteer.

7.2.3 Die prokureur wat die testament van die oorledene opgestel het.

(3 × 2) (6)

7.3 Verduidelik kortliks die term *onderhandse ooreenkoms.* (4 × 2) (8)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A

G.P.-S.12/01 J 5 (81/800310)

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

AANSOEK OM AANSTELLING AS KOMMISSARIS VAN EDE
APPLICATION FOR APPOINTMENT AS COMMISSIONER OF OATHS

(Moet in tik – of drukskrif ingevul word en persoonlik deur die applikant by sy naaste landdroshof, met wie vooraf vir 'n onderhoud gereël is, ingehandig word/To be completed in typing or block letters and handed to the applicant's nearest magistrate personally after arrangements have been made for an interview.)

1. (a) Volle naam (Mnr./Mev./Mej.)
Full name (Mr/Mrs/Miss) ……

(b) Identiteitsnommer
Identity number ……...
.

2. Geboortedatum
Date of birth ……

3. Beroep
Occupation ……

4. Opvoedkundige kwalifikasies
Educational qualifications ……

5. Adres/Address

(a) Woning/Residence

……
……

Distrik
District ……

(b) Besigheid/Business

……
……

Distrik
District ……

(c) Posadres
Postal address ……

……

6. Telefoonnommers:
Telephone numbers:

Woning
Residence ……

Kode
Code ……

Besigheid
Business ……

Kode
Code ……

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

7. Taalbedrewenheid vir doeleindes van behoorlike uitvoering van pligte as kommissaris van ede
(Vermoë om te praat, lees en skryf.)
Language proficiency for purposes of proper performance as commissioner of oaths
(Ability to speak, read, and write.)

Noem taal State language	Goed/Good			Redelik/Reasonable			Swak/Poor		
	Praat Speak	Lees Read	Skryf Write	Praat Speak	Lees Read	Skryf Write	Praat Speak	Lees Read	Skryf Write
(i)									
(ii)									
(iii)									
(iv)									
(v)									

8. Is u ooit skuldig bevind aan strafregtelike oortredings? Indien wel, verskaf volle besonderhede:
Have you ever been convicted of criminal offences? If so, state full particulars:

……..

9. Distrik(te) of gebied waarvoor aanstelling verlang word
District(s) or area for which appointment is required ……..……...

10. Naam van firma/werkgewer
Name of firm/employer ……

11. Aard van besigheid
Nature of business ……

12. Hoedanigheid waarin aanstelling verlang word (byvoorbeeld bestuurder van ABC Maatskappy):
Capacity in which appointment is required (e.g. manager of ABC Company)

……

13. Aantal werknemers in diens van firma by applikant se besigheidsadres
Number of employees in employ of firm at applicant's address .....

14. Totale aantal werknemers van firma
Total number of employees .....

15. Benaderde aantal persone vir wie die kommissaris van ede se dienste beskikbaar sal wees
Approximate number of persons who will be served by the appointment.....

16. Dokumente wat na verwagting geattesteer sal word:
Documents applicant will be required to attest:

Aantal per maand
Number per month …… Aard/Nature ……

17. Sal u 'n eed of bevestiging afneem met betrekking tot sake waarin u 'n belang het ingevolge die bepalings van regulasie 7 van die Regulasies wat ingevolge artikel 10 van die Wet op Vrederegters en Kommissarisse van Ede, 1963 (Wet 16 van 1963), afgekondig is by Goewermentskennisgewing R. 1258 van 21 Julie 1972?

Ja/Nee ……

Will you administer an oath or affirmation relating to matters in which you have an interest in terms of the provisions of regulation 7 of the Regulations published by Government Notice R. 1258 of 21 July 1972 and promulgated in terms of the provisions of section 10 of the Justices of the Peace and Commissioners of Oaths Act, 1963 (Act 16 of 1963)?

Yes/No ……

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

18. Afstand na naaste kommissaris van ede of vrederegter vanaf:
Distance to nearest commissioner of oaths or justice of the peace from:

Woning	Besigheid
Residence ……	Business ……

19. Dui volledig aan waarom u van oordeel is dat u aanstelling noodsaaklik in die *openbare belang* is ten spyte van die groot aantal persone wat ampshalwe aanstellings as kommissarisse van ede hou. (Gebruik 'n bylae indien nodig.)

Indicate fully why you are of the opinion that your appointment is necessary in the *public interest* in spite of the large number of persons who hold *ex officio* appointments as commissioner of oaths. (Use an annexure if necessary.)

20. (a) Hou enige van die werkgewers, werknemers, vennote, direkteure, ensovoorts, verbonde aan die firma 'n aanstelling as kommissaris van ede? Indien wel, verskaf volle name, hoedanigheid waarin aangestel en datum van aanstelling:

Do any of the employers, employees, partners, directors, etc., connected with the firm hold an appointment as commissioner of oaths? If so, state full names, capacity in which appointed and date of appointment:

(b) Indien paragraaf 20 (a) hierbo bevestigend beantwoord is, dui volledig aan waarom die aanstelling van 'n bykomende persoon as kommissaris van ede noodsaaklik is. (Gebruik 'n bylae indien nodig.)

If paragraph 20 (a) above was answered in the affirmative, motivate fully why the appointment of an additional person as commissioner of oaths is essential. (Use an annexure if necessary.)

21. Is u en/of enige van die persone in voormelde paragraaf 20 (a) genome, lid van 'n statutêre liggaam, raad, kommissie, komitee, plaaslike bestuur of plaaslike owerheid wat ingestel is ingevolge enige wet of ordonnansie? Indien wel, meld besonderhede:

Are you and/or any of the persons mentioned in the foregoing paragraph 20 (a) a member of a statutory body, board, council, committee, commission or local authority established under any act or ordinance? If so, state particulars: ……

22. Ander inligting
Other information .....

……..

……..

**Werkgewer/Employer*	*Applikant/Applicant*
Datum Date	Datum Date .....

* **Waar van toepassing/Where applicable**

(Slegs vir amptelike gebruik/For official purposes only)

Verwysingsnommer:
Reference No.:……

Landdroskantoor:
Magistrate's Office: 1/9/4
Hoofkantoor:
Head Office: 9/1/8/2.....

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

ADDENDUM B

AANLYN AANSOEK OM ’N DRANKLISENSIE

STAP 1: Kies asseblief watter tipe dranklisensie jy verlang.

Kies hier onder die tipe dranklisensie waarvoor jy aansoek doen (klik langs jou keuse):

Mikrovervaardig (biervervaardiging)	Verbruik op perseel: Restaurant	Verbruik weg van perseel: Drankwinkel	Spesiale geleentheid: Partytjie

STAP 2: Sleutel asseblief enkele besonderhede rakende jou aansoek in.

Watter tipe geleentheid is dit? ?

Wanneer vind die geleentheid plaas? ?

Wil jy drank vir verbruik op en/of weg van die perseel verkoop?

- Ja
- Nee

Is daar bestaande dranklisensies op die perseel?

- Ja
- Nee

Vind die geleentheid plaas in die gebied wat reeds gelisensieer is?

- Ja
- Nee

Indien wel, is die lisensiehouer bereid om hul lisensie tydelik vir die duur van die geleentheid op te skort?

- Ja
- Nee

Sal persone onder 18 die geleentheid bywoon? Indien wel, hoe sal die aansoeker voorkom dat minderjariges drank tydens die geleentheid koop en/of verbruik?

STAP 3: Sleutel asseblief jou kontakbesonderhede in en ons sal jou vir meer inligting skakel.

Naam *

E-pos**

Telefoon

Kopiereg voorbehou